

**29 Oktober**

**Skrifgedeelte: Johannes 13:1-17**  
**Fokusgedeelte: Johannes 13:8,15**

### **Leef volgens die liefde van die Here**

Johannes 13-17 beskryf die laaste paar ure voordat Jesus gevange geneem word. Hy leer dadelik aan sy dissipels die belangrikste saak waaroor dit gaan: die liefde. Hy bewys prakties sy liefde aan sy dissipels deur hulle voete te was. Die gaste by 'n ete se voete is gewoonlik gewas omdat hulle met sandale in stofstrate geloop het en dan aan die tafel op hulle sye gelê het met hulle voete naby aan die ander persone om die tafel. Die nederigste persoon het gewoonlik die ander se voete gewas (1 Sam 25:41). Hier wys Jesus dat Hy in liefde sy lewe kom gee, nederig soos 'n dienskneg. Hulle sou dit later verstaan het (vers 7). So verseker hy sy dissipels, en vir ons, dat Hy ons deur sy liefde deel van Hom maak (vers 8). Ons moet God dank vir hierdie liefde van Jesus vir ons. Dit spoor jou aan om ook aan ander mense die liefde van die Here duidelik te maak. Hy het al jou sondes vergewe – doen jy dit nou ook vir ander (Kol 3:13). Hy het sy liefde vir jou gewys – wys jy nou ook jou liefde prakties vir ander deur hulle in hulle nood te versorg (vers 12). Kyk om jou, binne jou gesin of familie, ook binne jou gemeente, en gaan besoek iemand of bel en bemoedig iemand en maak aan die ander persoon duidelik: Die Here het jou lief en my liefdesdaad doen ek nederig om jou van die Here se liefde te verseker.

*Sing: Skrifberyming 33:1*

*Wyle dr AGS Venter (Randburg-Oos)*